Litera

Gedigte

Johann Lodewyk Marais
Charles Darwin 155
In die begin 155
Die mopanies spreek my aan 156
C.G. Finch-Davies antwoord 156
Joan Hambidge
By die opruiming van my kantoor 157
Voor jou staan ek weerloos 158
Bonfire of the vanities 158
Sondag van ’n digter 159
Die Jesus-kind 160
dave lubbe
nkosi johnson 162

Kortverhaal

Etienne Terblanche
Kers 163

NATIONAL ARTS COUNCIL OF SOUTH AFRICA
Die rubriek *Litera* word finansieel gesteun deur die Nasionale Kunsteraad /
The section *Litera* is financially supported by the National Arts Council/

Rubriek vir skeppende werk

Litera is ’n rubriek vir die publikasie van skeppende werk in al die tale wat gewoonlik in *Literator* gebruik word. Die Redaksie wil daarmee ’n geïntegreerde beeld skep van die verskeidenheid nuwe skryfwerk wat Suid-Afrikaanse skrywers kan bied.

Die Redaksie kan met vreugde aankondig dat ’n kontantprys toegeken gaan word aan die beste bydraes in die loop van ’n jaar. Een prys sal toegeken word vir die beste bydrae deur ’n debutant en ’n tweede vir die beste bydrae deur ’n meer gevestigde skrywer.

Skrywers word daarom uitgenooi om korter skeppende werk voor te lê vir plasing in hierdie rubriek. Dit kan gedigte of kortverhale wees, maar drama- of romanfragmente en eksperimentele tekste is ook welkom. Bydraes word deur die redaksie gekeur, maar geen korrespondensie kan daaroor gevoer word nie. Vier kopieë van elke bydrae, in dubbelspasiëring getik, moet voorgelê word. Die naam en adres van die insender moet regs bo-aan die eerste blad van gekramde tekste en op elke los vel vermeld word. **Verstrek ook ’n telefoonnommer, faksnommer en e-posadres waar u bereik kan word.**

Stuur alle bydraes aan die Hoofredakteur, *Literator* (629), Buro vir Wetenskaplike Tydskrifte, Privaatsak X6001, Potchefstroom 2520.

Section for creative writing

Litera is a section for the publication of creative writing in all the languages that *Literator* usually caters for. Through this section the Editorial Board want to present an integrated image of the diversity of new writing by South Africans.

The Editorial Board is pleased to announce that a cash prize will be awarded for the best contributions for a specific year. One prize will be awarded for the best debut contribution and one for the best contribution by a more established author.

Writers are therefore invited to submit shorter creative work for publication in this section. Poems and short stories are welcome, but also play and novel fragments and experimental texts. Contributions are refereed by the Editorial Board, but we cannot enter into correspondence about the work submitted. Four copies of each contribution, typed in double spacing, should be submitted. The name and address of the author should appear at the top right of the first page of stapled text and on every loose sheet sent in. **Please include a telephone number, a fax number and an e-mail address where you can be contacted**.

Send all contributions to the Editor-in-Chief, *Literator* (629), Bureau for Scholarly Journals, Private Bag X6001, Potchefstroom 2520.

Reglement: Litera-pryse vir kreatiewe skryfkuns

1. Die Redaksie van *Literator* ken jaarliks, uit geld bewillig deur die Nasionale Kunsteraad, twee pryse toe vir die beste bydraes vir ’n kalenderjaar in die rubriek “Litera”.
2. Hierdie pryse sal bekendstaan as die Litera-pryse vir kreatiewe skryfkuns.
3. Die waarde van die pryse hang af van die grootte van die toekenning deur die Nasionale Kunsteraad.
4. Twee pryse word toegeken, een vir skrywers wat reeds ’n bundel in die betrokke genre gepubliseer het, en een vir skrywers wat nog nie ’n bundel gepubliseer het nie (d.w.s. wat as debutante beskou word).
5. Die Redaksie bepaal aan wie die pryse toegeken word, en die Redaksie kan buitebeoordelaars gebruik om met die beoordeling behulpsaam te wees. Die beslissings van die Redaksie is finaal en geen korrespondensie sal daaroor gevoer word nie.
6. Die Redaksie behou hom die reg voor om vir ’n spesifieke jaar of vir ’n spesifieke kategorie nie ’n prys toe te ken nie of om ’n prys onder verskillende skrywers te verdeel.
7. Die name van die skrywers aan wie die pryse toegeken is, sal bekendgemaak word in die eerste uitgawe van *Literator* van die daaropvolgende kalenderjaar.

Rules: Litera Prizes for Creative Writing

1. The Editorial Board of *Literator* yearly awards two prizes for the best contributions for a calendar year in the section “Litera” from money granted by the National Arts Council.
2. These prizes will be known as the Litera Prizes for Creative Writing.
3. The size of the prizes will depend on the grant received from the National Arts Council.
4. Two prizes will be awarded, one for writers who have already published a collection in the genre concerned, and one for writers who have not yet published a collection (that is, who are regarded as making their début).
5. The Editorial Board determines to whom the prizes will be awarded, and it may appoint external judges to help with the evaluation of contributions. The decisions of the Editorial Board are final and no correspondence on this matter will be entered into.
6. The Editorial Board reserves the right to make no award for a particular year or in a particular category or to divide a prize among different authors.
7. The names of the authors to whom the awards have been made, will be published in the first issue of *Literator* of the subsequent calendar year.

Johann Lodewyk Marais

Charles Darwin

Al dertien die vertekende vinke
van die Galápagos-eilande pik
en pik elkeen met ’n ander snawel
op elkeen van die dertien eilande.
Hier begin alles. Op die eilande
van die verdwaalde vinke, gekluister
aan die gestolde lawalandskappe.
Dít het ’n reisiger met wenkbroue
soos ’n bakkrans en ’n cumulusbaard
neergeskryf en saamgeneem op sy vaart
rondom die wêreld. Alles begin hier
en dit sou die man voortaan lewenslank
in sy studeerkamer gevange hou.

In die begin

En Pa het gesê: “Laat ons ’n boek kry
sodat ons die voëls se name kan leer,”
en op die dorp Prozesky se *Ons voëls*
by Havenga Boekhandel gaan bestel.

“Maar kyk, die boek het dan nie prente nie!”
kla Pa nadat dit afgelewer is.
“Hoe weet ons watter een is watter een
as ons op die plaas na die voëls wil kyk?”

Saans het die tarentale oor die werf
na hulle slaapplekke toe aangekom
en die twee rooivlerkspreeus het lank gefluit
en onder die stoep se plat dak kom slaap.

Toe Pa een aand weer in die boek rondblaai,
begin ’n tortel in die reën te koer.
“Luister! Oorle Ma het altyd vertel
hy sê vir ons die son gaan môre skyn.”

Die volgende dag loop ons op die bult
al met ’n nat paadjie langs toe meteens
sewe ylerige langbeenveldvoëls
naamloos en verskrik deur die kort gras draf.

Johann Lodewyk Marais

Die mopanies spreek my aan

Skei nou uit met jou mopaniedrome
waarmee jy al ’n ver pad gekom het
tot hier waar jy langs die Zambezi reis.

Mooi soos op ’n skildery is ons nie.
Ons, die minderbroeders, staan net gereed
om deur die norse olifanttroppe

tot méér nederigheid en aanvaarding
gedwing en finaal ingebreek te word.
Dis ons lot om windverwaaid uit te hou.

Tog bly ons uitreik na die volle son
en voel ons soms die vreemde vervoering
van ’n swerm lelspreeus wat ons opsoek.

Maar dan gaan hulle almal weer verder,
al krassend en piepend van boom tot boom
agter hulle, die rommelpense, aan.

Ons het min om jou aan te verwonder.

C.G. Finch-Davies antwoord

Ek het dit pynlik netjies uitgeskeur:
bladsye met voëls geteken in kleur.

Maar een het dit raakgesien en gaan klik
by hoër gesag, en op my laat pik.

Hulle het al my sketsboeke vervreem
en my toegang belet tot die museum.

Ek het verniet my tegniek so geslyp.
Nou moet ek die laaste pennie afknyp.

Sal hy, Austin Roberts, weet hoe in my
die beeld van ’n bosloerie vurig skrei?

Joan Hambidge

By die opruiming van my kantoor

Om jou lewe te liasseer
in donkerbruin bokse
– gemerk met ’n swart koki –
het funeste gevolge vir die digter.
’n Letterkundige museum in die kleine.
Wie was HP wat vra vir inligting
of SS wat hou van ’n vergete vers?
’n Vaagweg bekende handskrif roep
ongekende pyn (en mislukking) op
en ’n universiteitsblad kla oor verkragting
en drankmisbruik. Sanlam-polisse, uitkeerannuïteite
en vele beleggings stapel op saam met poskaarte
uit die vreemd-bekende, liefdesverklarings, gelukwensings
en ’n hele gerf dokumente rondom ’n boek oor liefdesverraad.
Eksamenskrifte bewaar ’n rooi oordeel oor ’n lewe.
Hoe lyk die mens wat haar hier in ’n klein ruimte gevange hou
voor boekrakke, portrette, notas en ’n Flexi PIII-komputer?
Dui die klou dan reeds die dier aan, soos VWL meen?
Of is daar geen onbewuste so ver of woes geleë as
van ’n digter nie net intertekstueel, maar ook letterlik, in transit?

Joan Hambidge

Voor jou staan ek weerloos

Voor jou staan ek weerloos,
is ek kaal. Dis asof jy elke haar
op my hoof afgetel het, die lub-dub-ritmes van my hart
beheer, selfs weet hoeveel bloed deur my are vloei
en nog meer, elke lyntjie en kurwe van my lyf
soos ’n vingerafdruk natrek.
Voor jou staan ek weerloos,
is ek kaal. Dis of jy elke woord
wat ek uiter reeds geweeg en waar bevind het.
Voor jou staan ek weerloos,
is ek kaal. Dis asof jy met elke vertrek
’n stuk van my wegsmokkel vir latere gebruik.
Voor my staan jy weerloos,
word jy kaal. Dis bykans of elke woord en gebaar
ons liefde herhaal, herhaal, herhaal.

Joan Hambidge

Bonfire of the vanities

Die patoloog by ’n post mortem voel
of ruik niks. Hy kap en saag die lewelose lyk
toutologies dood. Hy soek na oorsaak, rede vir die dood
wat nie noodwendigerwys by die voete begin. Maar dikwels
skuilhou in die long of lewer van sy lewelose, gebalsemde objek.

En ek? Die lykbesorger se vrou of handlanger? Ek hou my besig
met die disseksie van “ons verhouding”. Sonder ’n kaartjie om
die toon of toegedrukte oog, staan ons liefde in die teken van lewe.
maar my proses maak niks dood nie. Dit soek nie na fout, oorsaak
of einde nie. Nee, dit verklaar lewe. Dit laat alles tussen ons menigvuldig bloei

soos ’n kersieboord in Kyoto, ’n brandende vaandel in Hiroshima
ter herdenking van oorlewing aan indertydse verwoesting.

Joan Hambidge

Sondag van ’n digter

Wat bedui die woord *kamikaze* presies
vra haar jongste in *Trivial Pursuit*?
Ek hoor hoe sy van ’n heilige wind lees
wat die Mongole in 1281 vernietig het.
Woordeloos roep ek na haar. Sy hoor my nie.
’n *Dilbert*-speletjie op die komputer markeer
die pas en *Rachmaninoff* se tweede klavierkonsert
maak van die Sabbat *a Sunday bloody Sunday*.

Terwyl ek Auden se raad getrou volg oor halfryme
en sy dictum begryp dat poësie niks laat rym
of gebeur nie, hoor ek hoe hul stemme verdwyn.
My geliefde en haar twee kinders speel nou *Monopoly.*
“Kom, kyk hier!” roep ek*. Sjogoen* beteken heerser.
Nuttelose inligting vir hul nuwe spel, so gepraat van *Trivial Pursuit:*

Daar is een land wat my bly ontglip
ofskoon ek snags die bloeisels van Kyoto kan ruik
en weet hoe donker Nagasaki en Hirosjima
na die ontploffing skyn.

Die digter is ’n *kamikaze*, ’n *kamikaze*,
’n nuttelose brandoffer
vir die rym.

Joan Hambidge

Die Jesus-kind

i

na Robert Pinsky

Die kind Jesus kon glo van kleins af toor
en ontsien selfs nie die Heilige Rusdag hiervoor.

Iemand loop klik by die rabbi oor die wonderkind
Wat glo twaalf duiwe uit klei lewend kon beklink.

’n Nydige buurseun breek die duiwe se waterplek
en klein Jesus vervloek hom: “Mag jy verdor, jou gek!”

Subiet verander die kind in ’n dorre boom ...
En ’n toornige Jesus profeteer: “Voor God se troon

staan soos ’n juweel uitgekerf, my heilige naam.”
Die rabbi en ander heiliges kan dit egter nie beaam.

Die mense luister, maar begryp niks van sy klag.
Wat weet ’n kind tog van sonde?, word daar gelag.

Daardie nag toe klein Jesus homself aan die slaap snik,
vlieg die duiwe hemelwaarts – sonder sy wete – ewig beskik.

ii

Op ’n Sondagoggend knie sy sagmoedige moeder deeg.
Sy stuur haar seun om water te skep uit ’n put.

Haar duurste melkkruik word aan hom toevertrou, leeg.
Die kruik kraak toe die kind struikel oor ’n klip.

Hy skep die water – onverspild – in sy jurk op en stap
singend huis toe om vir haar die wonder uit te tap.

iii

“Jou kind is nie van hierdie aarde nie,” sê Zaccheus.
“Hy kan vuur stilmaak, oor hom hang ’n wondergees.”

Dieselfde dag staan Zeno se ouers voor Josef se deur:
“Jou kind het ons kind by ’n venster uitgestamp, al weer.”

Die vader treur oor sy dooie kind en Jesus, verontreg,
maak vir Zeno lewend met ’n diep asemteug ...

Lewend getuig Zeno: “Dit was nie Jesus! My voet het gegly.”
Niemand durf iets sê. Net Zeno bely.

iv

Op ’n ander dag speel hy met die buurkinders in die tuin.
“Maak ’n voëltjie lewend; wys ons hoe jy vuur kan tem!”

Hy vryf oor die maanhare van sy mak troeteldier
toe daar vuur onverwags in halwe sirkels gier.

’n Blinde bedelaar laat hy verby die oneindige sien;
’n houtkapper met ’n oopgekloofde voet genees hy meteen.

Vir sy skrynwerkervader maak hy twee houtstawe gelyk:
’n nuwe rusbank vir ’n ryk besoeker wat op hulle neerkyk.

Op agt jaar oes hy agthonderd boesels uit een koringaar.
Hy gee vir al die armes hiervan en ’n oorvloed opgaar.

v

Die jong Iskariot, van die duiwel besete, probeer die Jesuskind byt.
Dit geluk hom nie. Hy slaan teen sy regtersy en begin hom verwyt.

Jong Jesus huil en Satan verlaat hom in die vorm van ’n hond berserk.
Op hierdie plek het Jode jare later in sy sy ’n spies gewerp.

vi

Ook wanneer hy die verskille tussen Alpha en Omega verhaal,
weet sy leermeester, Zaccheus, die kind is die leermeester,

hý die leerling. Die dansende letters van Alpha bemeester
hy soos lyne wat kruis. Waarskynlik wetend van die latere hel.

Hierdie kind kan blindes laat sien; dié wat sien, verblind;
jare later sou hy aan ’n houtkruis Alpha met Omega verbind.

vii

Vir soveel eeue is dié verhale verban; tot apokrief verklaar.
En die digter? Sy speur sy lewe na: elke legende, vals of waar

word ondersoek. ’n Opstandige kind met ’n wete dat hy sou sterf;
opgehang langs twee rowers wat hy ontmoet op hul pad na verderf.

En sy ouers? Die vader skaam oor die kind se wonderdade stryd
bring. Tog verstaan die moeder hom reeds in die ander tyd.

dave lubbe

nkosi johnson

gebore
(gespaar)
gesterf
getuig hoe ’n madalagees
in ’n verskrompe
pikkenienliggaam leef